waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 6, NO 9, SEPTEMBER 2000

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel** *Word daders van die Woord*
1 **Skrifoordenking** *Span oop jou tentdoeke en slaan jou penne styf in* Ds DJ de Kock
3 **Op die Kerkerf** *Hemelburgers se toerusting in die ryksentrum* Dr JG Meijer
5 **Aktueel** *Op die tafel of in die rak?* Ds GJ Meijer
6 **Onderwys** *Entrepreneur* Geref. Skool Dirk Postma
8 **Regte** *Die outonomie van die pasiënt - begrens of onbegrens?* Dr AH van den Bout
9 **Mediese etiek** *Geneeskunde en die eerste gebod (2)* Dr JM Boon
10 **Kommentaar van lesers** *Van koers verander?*
11 **Ons byeenkoms op 7 Oktober**

## REDAKSIONEEL

# WORD DADERS VAN DIE WOORD

Word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Ons hoor dié bevel van die Here in Jakobus 1:22 en volgende verse. 'n Mens wat net hoor en nie doen nie, is soos 'n man wat in die spieël kyk. Hy verlaat die spieël en vergeet daarvan. Die gelese en verkondigde evangelie bly in die spieël agter. Die Woord word nie deur eiening in die hart ingeplant nie. Die Here beheers nie die lewe nie.

Gelowig luister na die stem van die Here beteken om die gelese en gehoorde woorde van Hom te oordink. Die evangelie, wat in die hart ingeplant word, dra deur die kragtige werk van die Heilige Gees vrugte. Ons ontvang eerstens 'n diep insig in die volmaakte wet van die vryheid. Die wet van God is nie vir ons 'n knellende korset nie. Gods Woord is verlossend. Dit bevry ons van die magte van sonde en dood.

Tweedens bewerk die Heilige Gees dat ons by die evangelie bly. Ons laat die lewe deur die heilsame Woord normeer. Ons aanvaar die *hele* Skrif en die Skrif *alleen* as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig (NGB, artikel 5).

Die derde vrug van die Heilige Gees sien ons in die dade. Wie nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, sal gelukkig wees in wat hy doen. Hoor en doen gaan in die diens aan God saam.

### *Ons byeenkoms DV op 7 Oktober*

Die opdrag om te hoor en te doen, kom nie alleen in die brief van Jakobus voor nie. Dit is een van die vaste reëls in God se verbond wat dwarsdeur die Skrif aan ons voorgehou word. Om dié bevel in ons tyd na te kom het ons 'n vereniging gestig as rugsteun vir die amp van gelowige.

Die vereniging kom DV op 7 Oktober byeen. Prof. GJC Jordaan wat as gasspreker sal optree, berei 'n besielende toespraak voor. Verder sal die opdrag om te hoor en te doen in die kerk en die koninkryk van die Here ons aandag ontvang. Die agenda van die byeenkoms en die voorgestelde statute staan op die agterste bladsye van hierdie nommer.

### *Uitnodiging*

Al die lesers word hartlik genooi om hierdie byeenkoms by te woon. Die samekoms word gehou in die kerkgebou van Die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort, Genl. Beyersstraat 256, Pretoria-Noord.

Met die oog op reëlinge word almal wat wil kom, vriendelik versoek om voor 1 Oktober kennis van u koms en die aantal persone te gee aan

Ds GJ Meijer
Genl. Beyersstraat 143, Pretoria-Noord
Telefoon: 012 546 4915
E-pos: gjmeijer@mailroom.com

## SKRIFOORDENKING

# Span oop jou tentdoeke en slaan jou penne styf in

Ds DJ de Kock
Pietersburg-Suid

*Jesaja 54:2*

**'Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.'**

Ons, die kerk, is God se volk in aksie.

Jesus Christus is ons Koning en ons is die burgers van sy koninkryk.

Ons taak of opdrag is: Ons moet ons Koning dien en eer. Die wêreld moet Hom leer ken deur ons optrede. Hulle moet sy Woord uit ons monde hoor en hulle moet sy krag en liefde in ons lewens sien.

Ons as kerk het die duidelike opdrag om die Woord van God uit te dra en sodoende God se koninkryk te proklameer. Daar moet dus daagliks van ons 'n getuienis uitgaan. Jesus het gesê ons moet sout vir die aarde en lig vir die wêreld wees.

Wanneer die Here sy volk uit die slawerny van Egipte roep, is hulle deur die woestyn op pad na hulle beloofde land. Terwyl hulle trek, het hulle benewens die bewys van God se teenwoordigheid in die wolk- en vuurkolom ook die Here se teenwoordigheid beleef in die tabernakel wat hulle saamgedra en opgeslaan het as hulle kamp opslaan. Hierdie tabernakel het die volk voort-

durend daaraan herinner dat die Here onder hulle woon. Die tabernakel het die volk ook laat hunker na die stewig geboude tempel wat hulle uiteindelik in hulle beloofde land sou oprig.

In Openbaring 21 lees ons van die Nuwe Jerusalem wanneer God sy volk in sy heerlikheid saam met Hom in sy tempel laat woon (sien ook Openbaring 3:12).

Die volk van God neem volgens hierdie beeld twee gestaltes aan, naamlik tentvolk en tempelvolk.

## Die kerk is tentvolk

Solank ons op hierdie aarde woon, is ons tentvolk. Ons is God se volk wat op pad is. Hierdie wêreld is nie ons vaste woonplek nie. Die apostel Paulus skryf aan die Korintiërs: '... ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele' (2 Korintiërs 5:1).

Hoor wat sê die Here nou aan sy tentvolk: 'Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.'

Die wêreld waardeur die volk Israel destyds moes trek, was barre, droë woestynwêreld. Die volk se tente was die enigste beskutting wat hulle teen die verstikkende sandstorms en ongenadige sonstrale gehad het. Hulle tente moes genoeg plek gehad het vir die hele gesin en dit moes stewig staan sodat die wind dit nie uitmekaar skeur nie.

Die Here gebruik hierdie beeld van sy volk op weg na hulle beloofde land om deur die profeet Jesaja 'n opdrag aan sy verbondsvolk te gee. As die Here dan sê: 'Slaan jou penne styf in', beteken dit dat die Here se volk stewig veranker moes wees.

Ons is ook op reis na ons beloofde land, die plek wat Jesus Christus vir ons gereedmaak. Ons is tentvolk.

Nou is die vraag: Hoe lyk ons tent? Hoe lyk die tabernakel? Hoe lyk God se woonplek onder ons?

Die apostel Paulus skryf: 'Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?' (1 Korintiërs 3:16). As ons dan tentvolk is, wat maak ons met hierdie opdrag van die Here? Dalk moet ons eers vra: Wat beteken hierdie opdrag? Die Here wil hê ons moet uitbrei. Hy wil sien dat daar meer en meer mense binne sy tent saamkom. Hy het immers self die opdrag gegee dat ons as kerk moet uitgaan en die mense moet gaan leer (Matteus 28:19).

Hoe die wêreld waarin ons leef, weet dat die Here by ons is, hang van ons af. Ons moet die Here se teenwoordigheid in ons lewens sigbaar maak. Soos die heidene destyds van die tabernakel en die verbondsark kennis moes neem, veral by Jerigo waar die volk die ark elke dag om die stad moes dra, so moet die mense vir Jesus Christus in ons lewe sien. Sy liefde, sy gehoorsaamheid, sy barmhartigheid en sy krag! Die wêreldse stad Jerigo, sy mure, sy beskutting, het geval en verkrummel voor die volk Israel. So moet die wêreld en die mense se mensgemaakte strukture wankel en verkrummel voor God se volk omdat Jesus Christus in ons woon en ons Hom as Verlosser en as oorwinnaar verkondig. Dan sal daar selfs uit die wêreld, soos met Ragab en haar huis die geval was, mense, uitverkorenes van God, na die kerk toe kom en sigbaar deel daarvan word.

Ons moet, terwyl ons in hierdie wêreld is, ons tentdoeke oopspan. Ons moet ons tentlyne langer maak. Ons het 'n taak om die evangelie uit te dra. Mense word geroep tot geloof en bekering. Ons het egter die verantwoordelikheid om die tentpenne stywer in te slaan, want net wyer tendoeke en langer lyne, sonder die stewige anker, is gevaarlik. Die ankerplek vir stywe penne is die suiwer verkondiging van die evangelie, die suiwer bediening van die sakramente en die suiwer toepassing van die tug in die kerk. Ons moet uitbrei, maar dan in verantwoordelikheid.

As die kerk net wil uitbrei en na getalle jaag sonder om na die tentpenne te kyk, gaan die tent omwaai. Dit sal nie in die stormagtige weer van hierdie sondige wêreld by staan nie. Dan gaan dwaalleer en menslike voorkeure die kerk ondergrawe sodat dit nie meer ware kerk is nie en daarom nie kan staan nie.

As die kerk getrou bly aan sy roeping ten opsigte van uitbreiding wat gevestig word op die fondament Jesus Christus (1 Korintiërs 3:10-11), sal die kerk deel wees van God se ewige bouwerk, want

## Die kerk is ook tempelvolk

In Openbaring 3:12 sê die Here Jesus aan die gemeente van Filadelfia: 'Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie'.

Al is ons nou op hierdie aarde 'n tentvolk wat aan die beweeg moet bly, is ons op pad na die vaste gebou in die hemel wat Jesus Christus vir ons gereedmaak. Ons is pelgrims wat met 'n loflied op ons lippe en met dankbaarheid in ons harte en met 'n doelgerigte, stewige voetstap op pad is na ons bestemming.

Ons is die oorwinnaars in Christus. Ons volg ons Koning op sy triomftog. Ons gaan vir ewig saam met Hom in sy paleis woon!

Juis omdat ons hierdie sekerheid kry deur die Heilige Gees wat in ons harte woon, moet ons altyd nog stewiger in die Woord van God veranker bly. Oppervlakkige, moralistiese praatjies oor die liefde van die Here en die troue versorging van die Here gee geen diepte nie. As jy onder die tentseil wil kom inkruip om net te ontvang en jou in die gemak van God se versorging te verlustig, is jy op die verkeerde plek. Binne hierdie tent is daar werk. Die tentpenne moet voortdurend dieper ingeslaan word. Die Woord moet elke dag meer diepte aan jou lewe gee. Die tentseile moet breër. Ons moet uitreik met die Woord!

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (5)

# Hemelburgers se toerusting in die ryksentrum

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Koning Christus se onderdane lewe op die aarde in die vreemde, in die kolonie. Sy koloniste geniet daar voorregte. Hulle word uit die hemel versorg en beskerm. Hemelburgers ontvang ook 'n opdrag. Die Koning verwag van hulle om die lewe in die kolonie te 'verchristelik'. Laas maand se artikel hieroor het op enkele vrae uitgeloop: Wat beteken die opdrag om die lewe te 'verchristelik'? Wie moet ons vir hierdie taak toerus? Wat hou die toerusting in? En wie moet wat onderneem vir die 'verchristeliking' van die hemelburgers se omgewing?**

Watter kwaliteite het Christus se koloniste? Hulle is almal in sonde ontvang en gebore,[1] van nature geneig om God en hulle naaste te haat.[2] Een van die gedugste teëstanders van die kolonis is sy eie sondige natuur wat nie ophou om hom aan te val nie.[3] Sy vyand beloer hom nie slegs van die buitekant af nie. Hy veg ook vanuit sy eie binneste.

Ons diens in die kolonie kom sekerlik nie uit ons eie, met sonde bevlekte, hart voort nie. Dit kom voort uit die kragtige en kragdadige werk van die Heilige Gees. Hy wederbaar die hemelburgers. Hy werk die geloof in ons harte en versterk dit deur die verkondiging van die evangelie.[4] Die wederbarende werk van die Gees is in hierdie artikelreeks oor Efesiërs 4:11-16 reeds nadruklik na vore gebring.

## Die Heilige Gees werk diep en ... wyd

Die besnydenis van ons hart is nie die enigste werk wat die Gees in ons lewe verrig nie. Hy wat in ons woon, maak ons bereid en stel ons in staat om die opdrag van Bo in die kolonie - hier benede - uit te voer, ten spyte van sondes en swakhede wat teen ons wil in ons oorbly. *Diepte* in die lewe met die Here gaan saam met *wydte*. Glo met die hart (diepte) gaan die hele lewe (die wydte) beheers. Die gelowiges groei in alles, ja *in alles* na hulle Hoof op.[5] Hierdie wye omvang van die hemelburgers se roeping in die kolonie kry nou ons aandag.

Ons kyk eerstens na die *toerusting* van die koloniste vir hulle lewe-omvattende opdrag. Hierdie toerusting begin *in die kerk*. Daaroor gaan dit in hierdie artikel. Volgende maand kom DV ter sprake hoe die toerusting vanuit die kerk uitkring. Hemelburgers rus hulleself en mekaar toe *in die amp van gelowige*. Die toegeruste koloniste tree vervolgens na buite toe op. Hulle *optrede* kring steeds verder *in alle sektore van die lewe* uit. En dit gebeur met effek ...

## Die ryksentrum - toerustingsentrum

Die kerk is Koning Christus se ryksentrum op die aarde. Hy roep sy ampsdraers wat Hy aan sy gemeente gee, om die heiliges vir hulle diens toe te rus.[6] Troue prediking, kategetiese onderrig en huisbesoek steek harte aan die brand en ontvou die Here se opdragte aan sy koloniste.

Die toerusting van hemelburgers in die ryksentrum het reeds in hierdie artikelreeks ter sprake gekom.[7] Hier volg 'n kort aanduiding daarvan met toespitsing op die toerusting wat hemelburgers in die ryksentrum behoort te ontvang.

## U gebod is baie wyd[8]

Die onderrig wat die Here in sy Woord oor sy koninkryk gee, is onuitputlik. Hy stel die mens onmiddellik na sy skepping as sy onderkoning aan. Adam en sy vrou mag en moet in onderwerping aan sy hemelse Koning die skepping beheers. Die kulktuuropdrag staan al in die eerste hoofstuk van die Skrif opgeteken.[9] Ons ontmoet in Genesis 1 die verhewe mens: beeld van God, ampsdraer, onderkoning van die Here, profeet en priester.

Die koninkryk van God bestaan al in die paradys, voor die kerk wat die komende Christus eers na die sondeval begin vergader. Ons moet dit onthou in verdere besinning oor die verhouding van die kerk en die koninkryk.

Die ontplooiing van die menslike geslag na die sondeval maak die samelewing kompleks. God openbaar sy orde vir alle lewensverbande en -verhoudings. Hy reël die posisie van man en vrou in die huwelik,[10] van ouers en kinders in die gesin,[11] van ampsdraers en ander lidmate in die kerk,[12] van owerhede en onderdane in die staat,[13] van werkgewers en werknemers in die maatskappy.[14] Elkeen beklee die amp van gelowige in die besondere situasie van sy of haar eie beroep.[15]

Die Woord wys ook die grense van elke amp (roeping) aan. Vryheid beteken om binne die grense wat die Here aan die amp gestel het, te bly. Wie die perke van sy of haar amp oorskry, dring in 'n ander se ampsbevoegdheid in. Dit is rewolusie. Kinders wat ouers se gesag verontagsaam of aan pa en ma bevele gee, keer God se orde om.

Die grondwet, die tien gebooie, en alle wette in die Skrif wat daaruit voortspruit, omvat ons hele lewe. Geen duimbreedte daarvan bly in die Bybel onaangeroerd nie.

## Die wye gebod in die prediking

Die universele strekking van die Skrif weerklink in gesonde prediking. Predikers lewe uit die lofsang: 'U gebod is baie wyd'. Hulle delf in die verkondiging van die Woord die norme wat die Here stel, uit die diep myn van die Skrif op. Hemelburgers word in die ryksentrum vir hulle diens in die kolonie toegerus.

Prediking wat toerus, verg inspanning sowel van die prediker as van hulle wat na hom luister. Die eerste aksie van hemelburgers vind in die eredienste plaas. Hulle luister ingespanne na die prediking om vir die lewe in die kolonie toegerus te word.

---

[1] HK, antw. 7.
[2] HK, antw. 5.
[3] HK, antw. 127.
[4] HK, antw. 65.
[5] Ef 4:15.
[6] Ef 4:12.
[7] Sien die artikel 'Die ryksentrum' in *Waarheid en dwaling* 6(7), Julie 2000:4-7.
[8] Ps 119:96.
[9] Gen 1:26-28; vgl. Gen 9:1-2; Ps 8; NGB, art. 12.
[10] Sien onder meer Ef 5:22-33.
[11] Sien onder meer Eks 20:12; Ef 6:2-4.
[12] Sien onder meer 1 Tim 5:17-18.
[13] Sien onder meer Rom 13:1-7; NGB, art. 36.
[14] Sien onder meer Ef 6:4-9.
[15] Sien HK, antw. 124 oor 'amp en beroep'. 'Beroep' is nou verbind met 'roeping'.

Predikante wat nie die universele aard en werking van die Woord raaksien nie, kan vrome woorde praat, maar misken die ryksentrum van hulle Koning op die aarde. Die lewe-omvattende roeping van die hemelburgers bly buite sig.

Die gevolg? Die volk van God word introvert, selfgerig en onbekend in 'n samelewing wat steeds meer van God en sy heil brengende Woord vervreem raak. Die koloniste-roeping word versaak.

Mag ons almal - professore in die teologie wat studente oplei, predikante, ouderlinge, ja alle lidmate - ons voortdurend afvra: In hoeverre rus die prediking koloniste toe? As daar tekorte is - hoe kan dit weggewerk word?

## Julle het die salwing van die Heilige[16]

Sedert die uitstorting van die Heilige Gees het die Here die profesie van Joël vervul: 'In die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer'.[17] Alle lidmate van die kerk is gesalf met die Heilige Gees. Hy roep hulle tot en maak hulle bekwaam vir hulle profetiese-priesterlike-koninklike ampsdiens.

Alle lidmate van die kerk is gesalf met die Gees van God. Almal is deur God aangestelde en geroepe profete, priesters en konings. Niemand het die reg om die bediening van die amp van gelowige in die kolonie te kortwiek, te misken of selfs van die lidmate oor te neem nie. En geen lidmaat van die kerk het die reg om sy roeping in die amp van gelowige as niks te ag nie. Tog gebeur dit telkens weer in die geskiedenis.

## Verkerkliking van die koninkryk

Telkens weer word die onderskeid tussen die kerk en die koninkryk van Christus geïgnoreer. Die kerk en die koninkryk word wesenlik vereenselwig. Die lewe in die koninkryk word verkerklik en die amp van gelowige ten minste vir 'n deel uitgeskakel.

Die *verkerkliking* van die lewe in God se koninkryk is een van die dwalings wat die Roomse Kerk aanhang en uitlewe. Die roomse twee swaarde-leer verleen aan die pous wêreldlike mag. Pouse regeer vanuit die Vatikaan*stad*. Daardie stad is die sentrum van die 'roomse staat'. Pouse pretendeer dat die hoogste mag in die wêreld aan hulle toekom. Owerhede, dienaars van God in eie reg, word as onderhoriges van die kerklike 'mag' beskou, in stryd met Gods Woord.

Roomse skole behoort nie aan die ouers nie, maar aan die kerk. So word ouers 'onttroon' in die opvoeding van hulle kinders, nogmaals in stryd met die Woord. Verkerkliking van die koninkryk lei tot verregaande oorskryding van die kerklike ampte wat Christus ingestel het.

Talle protestantse kerke volg die roomse voorbeeld. Kerklike vergaderings neem besluite oor politieke, sosiale, ekonomiese en ander nie-kerklike sake. Kerklike ampsdraers en depuatate buig hulle koppe oor allerlei wêreldlike aangeleenthede. Hulle handel sodoende in stryd met die oorspronklike kerkorde van Dordrecht, waarin die kerke ooreenkom dat kerklike vergaderings uitsluitlik kerklike sake sal behandel.[18]

In ons kring is onlangs 'n artikel gepubliseer waarin die stigting van christelike politieke partye afgekeur word. Kerklike deputate behoort volgens die skrywers makro-politieke en -ekonomiese vraagstukke aan te pak en die regering te adviseer en te kritiseer.[19] Verkerkliking van die lewe in die koninkryk ... Uit die literatuurverwysing blyk nie dat die outeurs van talle gereformeerde werke oor christelike politiek kennis geneem het nie.[20]

## Die gevolge van kerklike ampsoorskryding

Verkerkliking van die lewe in die koninkryk behels oorskryding van die kerklike ampte se grense.

Dié oorskryding het ten minste twee ernstige gevolge. Eerstens ly die amptelike werk van daardie kerklike voorgangers skade. Al die tyd wat hulle 'in die kolonie', in die koninkryk van Christus, deurbring, onttrek hulle aan die amptelike diens in die ryksentrum, die kerk, waartoe Christus hulle roep.

Tweedens degradeer hierdie voorgangers die lidmate van die kerk tot leke, vir sover hulle koloniste-take uit hulle hande wegneem. Domineeskerke is gemeenskappe van dominees-wat-alles-weet. Gemeentelede-wat-nie-ingewyde-kennis-het-nie word behandel as die skare wat die wet nie ken nie. Sulke kerke is die spieëlbeeld van die roomses met hulle clerus en leke. Die roeping van die *hele* volk van God in die kolonie word misken. Die amp van gelowige word onderwaardeer.

Die Skrif gaan ons nie voor in die verkerkliking van die lewe in die koninkryk nie. Inteendeel, deur prediking wat die volle lig van die Woord normatief oor die hele lewe laat skyn, dring die Heilige Gees die hele volk tot aksie in hulle omgewing. Voorgangers is nie geroep om die pligte van die heiliges oor te neem nie. Hulle moet al die heiliges vir hulle diens in die gemeente toerus.[21] Toerusting vir diens in die kolonie vra die inset van al hulle kragte.

## Normatiewe prediking skryf nie voor nie

Koninkryk-prediking bevat opdragte wat onmiddellik, sonder verdere besinning, uitgevoer kan word. Voorbeelde hiervan? Gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers, van onderdane aan hulle owerhede; geen moord en roof pleeg nie; die eer van God en van die naaste in ons gesprekke bevorder, ensovoorts.

Heelwat opdragte wat in die prediking gegee word, kan ons nie sonder meer uitvoer nie. Voorbeelde? Mag christene deelneem aan die landsregering? Indien nie, waarom nie? Indien wel, waarom wel en hoe moet hulle die roeping in die kolonie waarneem? 'n Lidmaat ontvang opdrag van die regering om kondome in haar werksituasie te versprei. Moet sy dit uitvoer of nie? Is die stigting en funksionering van 'n christelike politieke beweging of party afkeurenswaardig? Of moet ons dit wel doen? Waarom wel en waarom nie? Is menseregte as sulks te veroordeel? Waarom wel? Waarom nie?

Geen mens kan al die fasette van die lewe uitken nie. Geen mens, met insluiting van professore in die teologie, predikante en ouderlinge. Daar ontstaan vrae. Hoe moet aan die verkondigde norme uit die Skrif in die praktyk, in die kolonie, voldoen word? Wie moet daaroor besin? En wie moet die besinning met dade opvolg? Hierdie vrae kom DV volgende maand aan die orde.

---

[16] 1 Joh 2:20; vgl. 2:27.

[17] Hand 2:17-18.

[18] KO, art. 30.

[19] Nico Vorster & JH van Wyk. Kerk en owerheid binne 'n regstaat: die profetiese roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse owerheid. *In die Skriflig* 34(1), 2000:109-134; sien p. 128-131 oor die 'aspekte waaroor die kerk profeties sal moet getuig' en die afwysing van 'n christelike politieke party.

[20] Ek volstaan hier met slegs twee verwysings, uit die Nederlandse literatuur AJ Verbrugh. *Universeel en antirevolutionair: toelichting bij de richtlijnen voor de nationaal-gereformeerde, dat is universeel-christelijke en antirevolutionaire politiek*, dele 1-3. Groningen: Vuurbaak, 1980-1985, en uit die Kanadese literatuur J Boersema. *Political-economic activity to the honour of God*. Winnipeg: Premier, 1999.

[21] Ef 4:11-12.

# Op die tafel of in die rak?

## - OOR DIE PRAKTYK VAN RATIFIKASIE

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

**Die handelinge (notule) van Nasionale Sinode 2000 het onlangs verskyn: 'n boek van 577 bladsye. Wat gaan met daardie handelinge gebeur? Wie gaan wat daarmee doen? Gaan dit op 'n ordelike manier op kerkraadstafels hanteer word, of gaan dit - nadat enkele belangstellendes dit deurgeblaai en die 'opspraakwekkende besluite' gelees het - op die boekrak weggesit word, netjies langs die handelinge van al die vorige sinodes?**

Oor wat met besluite van meerdere vergaderinge gedoen behoort te word, is reeds by verskeie vorige geleenthede in *Waarheid en Dwaling* gepubliseer. Om opnuut daaroor te besin, is egter alles behalwe oorbodig. Veral as in ag geneem word dat daar in die GKSA uiteenlopende standpunte gestel word ten opsigte van die ratifikasieplig van kerkrade. In sy boek *Die Kerkorde in praktyk* oordeel dr J Visser dat 'hierdie ratifikasiereg nie geldig is nie'. 'Dit is nie Gereformeerd, presbiteriaal nie, maar independentisties!' 'Begryplikerwys bring hierdie siening (ratifikasie - GJM) totale willekeur en ordeloosheid mee.' Ds CA Jansen beaam die standpunt van dr Visser. Hy skryf: 'Daar is egter ampsdraers en kerkrade wat die ratifikasiereg toepas. Hulle glo dat indien 'n kerklike vergadering se besluit (volgens hulle bestudering van die Skrif) nie ooreenstem met Skrif en kerkorde nie, daar metterdaad nie met so 'n besluit gekonformeer word of gehoor gegee word nie. ... Dit kan tog nie.' Albei hierdie teoloë is uitgesproke teen die ratifisering van sinodebesluite gekant.

Die bedoeling met hierdie artikel is nie om 'n diepgaande betoog te lewer oor die waarom en wat van ratifikasie in die gereformeerde kerkreg nie. Daaroor - asook oor al die 'besware' wat teen ratifikasie geopper word - is in 1995 'n verhandeling geskryf, waarvan bogenoemde teoloë klaarblyklik (nog) geen kennis geneem het nie. Met hierdie artikel word gepoog om die praktiese 'hoe' van ratifikasie uit te spel. Dit word aangebied met die wens dat dit met vrug gebruik kan word.

## Vas en bindend

Ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde behoort besluite van meerdere vergaderinge 'vir vas en binndend' gehou te word. Dit behels in hoofsaak drie dinge. Kerkrade is daartoe verplig om

- besluite van die sinode te bestudeer en te toets,
- besluite van die sinode geldig te verklaar en as hulle eie te aanvaar, en
- besluite van die sinode uit te voer.

Die versamelterm vir hierdie drie aksies is *ratifikasie*. Wat hier volg, is 'n praktiese, punt-vir-punt uiteensetting van dié drie onderskeie handelinge.

## Besluite bestudeer en toets

*Indeling van die werk*

- Die handelinge van die sinode word deur ´n kommissie, bestaande uit twee of drie kerkraadslede, deurgegaan en in sinvolle onderdele verdeel. Die indeling kan taamlik maklik aan die hand van die inhoudsopgawe van die handelinge gedoen word.
- Besluite oor spesifieke onderwerpe - soos korrespondensie met buitelandse kerke, viering van nagmaal, of liturgiese aangeleenthede - word saamgegroepeer.
- Sake waarvan die kerkraad slegs kennis kan neem, word onderskei van sake wat so gou moontlik deur die kerkraad uitgevoer moet word.

*Verdeling van die werk*

Aan die hand van die indeling word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer.

- Elke kommissie is verantwoordelik vir die bestudering van ´n spesifieke onderdeel wat aan hom toegewys is. As daar genoeg eksemplare van die handelinge beskikbaar is, kan kommissies tegelykertyd werk. Dit sal die proses van ratifisering aansienlik bespoedig. Dit staan ´n kommissie vry om gemeentelede by die studie te betrek. Sodoende word die gemeente se nodige belangstelling vir die werk van die meerdere vergaderings geprikkel.
- Die *kommissie se taak* is die volgende:

a) Die punt(e) uit die handelinge wat met die oog op bestudering aan hom toegeken is, word in geheel gelees en kernagtig op skrif saamgevat.

b) Die besluit wat die sinode met betrekking tot die saak geneem het, word woordeliks weergegee.

c) Die aanloop tot die besluit asook die besluit self wat die sinode geneem het, word aan die Skrif, belydenis en kerkorde getoets om vas te stel of dit ten volle daarmee ooreenstem.

d) Die kommissie stel sy bevindinge op skrif.

- Die studieresultate dien by wyse van ´n *skriftelike rapport* as ´n aanbeveling op die kerkraad. Die kerkraad hanteer dit soos volg:

e) Die kerkraad neem indringend kennis van die sake waaroor die sinode besin het, soos wat dit kernagtig deur die kommissie weergegee is.

f) Genoegsame ruimte word vir kerkraadslede geskep om aan die kommissie vrae te stel in geval iets uit die handelinge onduidelik is. Sodoende kom die hele kerkraad op hoogte van hoe die sinode oor ´n spesifieke saak besin het en wat hulle daaroor besluit het.

g) Die kommissie se bevinding, nadat hulle die betrokke besluit van die sinode getoets het, dien vervolgens as voorstel op die kerkraad.

h) Met die bespreking van die voorstel toets die hele kerkraad die besluit van die sinode.

## Besluite geldig verklaar en aanvaar

- Na gelang van die toets, spreek die kerkraad een van twee uit: óf hy verklaar die besluit van die sinode geldig (dit kom ooreen met die Skrif en die kerkorde), óf hy verklaar dit ongeldig (dit kom nie ooreen met die Skrif en/of die kerkorde nie).
- Hierdie geldig- of ongeldigverklaring moet genotuleer word. Byvoorbeeld: 'Die kerkraad verklaar die besluit van die sinode insake .... (Handelinge, punt ...) geldig en aanvaar dit as sy eie besluit'.
- Indien die kerkraad ´n besluit geldig verklaar het, is die volgende stap om dit as ´n eie besluit te aanvaar.
- Die bedoeling van die 'aanvaarding' moet duidelik gestel word, naamlik dat die kerkraad die besluit van die sinode nou welbewus as sy eie verklaar.
- Indien bevind word dat ´n besluit ongeldig is, moet die redes daarvoor noukeurig in die notule opgeneem word.
- Die volgende stap in geval van ongeldigverklaring is om die bewyse daarvoor - wat reeds genotuleer is - by wyse van 'n beswaarskrif aan die kerkverband bekend te maak.

## Besluite uitvoer

- Die besluit van die sinode, wat intussen die besluit van die kerkraad geword het, moet nou uitgevoer word.
- Sommige besluite kan nie in die plaaslike kerk toegepas word nie, byvoorbeeld die sinode se uitspraak oor ´n appèlsaak in ´n ander gemeente. In so ´n geval handel die kerkraad nie verder met die besluit nie.
- Sommige besluite kan nie direk uitgevoer word nie, maar moet in gedagte gehou word, byvoorbeeld besluite oor korrespondensie met buitelandse kerke. Dit sou goed wees as die kerkraad vir homself ´n register aanlê waarin sulke besluite opgeteken word, en waarna maklik verwys kan word as dit nodig blyk te word.
- Sommige besluite moet deur funksionarisse in die gemeente uitgevoer word, byvoorbeeld die betaling van ramings en verpligte kollektes. Hieraan moet direk aandag gegee word.
- Deur sommige besluite word die hele gemeente geraak, byvoorbeeld liturgiese aangeleenthede. In so ´n geval moet die kerkraad, nadat hy die besluit van die sinode getoets, geldig verklaar en sy eie gemaak (geratifiseer) het, so gou moontlik die gemeente oor sy besluit inlig. Die aangewese weg sou wees dat die kerkraad ´n gemeentevergadering belê en die saak diepgaande met die gemeente bespreek. Sodoende kan die hele gemeente ook onder die indruk van die korrektheid van die besluit kom en van harte deelneem aan die uitvoering daarvan. Die gemeente leer tegelyk insien dat die besluit nie maar net '´n sinodebesluit' is wat 'van bo af kom' en teen wil en dank uitgevoer moet word nie, maar dat die betrokke besluit hulle eie kerkraad s´n is, wat in die Naam van die Here oor hulle moet regeer.
- Indien ´n lidmaat op grond van Gods Woord of die geldende kerkorde aantoon dat ´n besluit ten onregte deur die kerkraad geldig verklaar en aanvaar is, moet hy/sy die bewyse daarvoor aan die kerkraad voorlê sodat die kerkraad sy besluit kan heroorweeg.

## Tydskedule

Vir die omvangryke werk van ratifikasie is daar nie baie tyd nie. Sinodebesluite moet so gou as moontlik uitgevoer word. Aan die ander kant, indien 'n kerkraad sou bevind dat 'n bepaalde besluit nie geratifiseer kan word nie, moet daar met haas opgetree word. Soos hierbo vermeld, is die korrekte kerklike weg dat 'n beswaarskrif oor die betrokke besluit by die klassis moet dien.

Indien die klassis bevind dat die beswaar van die kerkraad gegrond is, word dit na die eersvolgende partikuliere sinode verwys. Vandaar gaan dit na die Nasionale Sinode 2003. Die proses mag dalk omslagtig lyk, maar is nietemin gebiedend noodsaaklik. Menslike kortsigtigheid en eiewilligheid moet ten alle koste vermy word.

Met die oog op hulle ratifikasie-plig moet kerkrade fluks aan die werk spring. *Waarheid en Dwaling* wil kerkrade hierin behulpsaam wees, deur op 'n maandelikse basis sekere besluite van die sinode 2000 onder die loep te neem. Mag al hierdie aktiwiteite daartoe bydra dat die eer van God gesoek sal word.

---

ONDERWYS

# ENTREPRENEUR

*WAT BETEKEN DIT VIR ONS AS GEREFORMEERDES EN HOE MOET ONS ONS KINDERS LEI OM IN DIENS VAN DIE HERE ENTREPRENEURS TE WEES?*

**Gereformeerde Skool Dirk Postma,** Pretoria

**Ons hoor vandag orals die woord entrepreneur. Die woord entrepreneur is 'n Franse woord. Die eerste deel 'entre' beteken: toegang of intrede en die tweede deel 'preneur' beteken: vat of neem; dus 'n intrede of toegang - in hierdie geval in die sakewêreld. Iemand sien dus 'n gaping en 'vat' die gaping om sy produk of idee van die hand te sit. Ons kan ook sê 'n entrepreneur is 'n ondernemer.**

By die Gereformeerde Skool Dirk Postma het die personeel dit as 'n geleentheid gesien om ook ons kinders te lei om gelowige entrepreneurs te wees. Dit is belangrik dat ons hierin dan ook kyk na wat die Here van ons in Sy Woord vra en hoe ons Hom hierin kan dien.

## Wees rentmeesters

Kom ons kyk wat sê die Here vir ons in 1 Tim 6:7: 'Want ons het niks in die wêreld ingebring nie, dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie.'

Ons kan onsself afvra, hoe is ons gebore? Sonder 'n draad klere! Wat gebeur met ons as ons die dag sterwe? Alles wat ons op aarde bymekaar gemaak het, bly hier agter. Hieruit kan ons dus sien dat alles wat jy beskou as joune, is net leengoed. Die Here leen alles aan ons, sodat ons dit kan gebruik. Ons moet altyd onthou dat ons rentmeesters van ons sogenaamde besittings is.

Die Here sorg elke dag vir ons en Hy gee vir ons oorvloedig middele om onsself te versorg. Hy wil hê dat ons Hom moet soek met alle besittings en gawes wat Hy aan ons toevertrou.

Ons moet ons kinders laat sien dat die hoofdoel van 'n entrepreneur *nooit* materiële rykdom moet wees nie. Geld is belangrik - ja, 'n gelowige kind van God kan beslis nie sonder geld lewe nie. Ons moet egter vergenoeg wees met dit wat die Here gee. Kyk ons met geloofsoë na dit wat ons het? Is ons tevrede of begeer ons net meer?

Ons doel moet altyd wees om die Here te dien. As gelowiges moet ons ook hierin werk aan die uitbreiding van sy koninkryk.

Dit is belangrik dat ons kinders sal besef dat 'n mens jou nie moet blindstaar teen rykdom nie. 'n Mens kan in een dag alles verloor. Moenie jou hoop stel op rykdom nie. Wat is ons grootste rykdom? Nie besittings of 'n geslaagde entrepreneursdag nie; nee, ons grootste rykdom is die ewige lewe wat Jesus Christus aan ons gegee het.

## Gebruik die talente

Die Here vra wel van ons om ons talente in te span. Ook as ons by Dirk Postma 'n entrepreneursdag hou is dit belangrik dat ons ons bes sal doen. 'n Gelowige mag nie lui wees nie - gebruik jou talente. Ons moet ons kinders help om te beplan en kreatief te wees. Die Here gee aan hulle gawes om mee te werk.

'n Gelowige entrepreneur werk ook nooit ten koste van 'n ander nie. Leer die kinders om altyd eerlik te wees. Daar lê geen bevrediging in oneerlikheid nie. Wees ook altyd positief, al misluk 'n poging soms. 'n Gelowige moet nie bang wees vir harde werk nie. Leer en luister aanhoudend en hou jou oë oop vir nuwe idees.

Wees toegewyd en beplan goed. Ons moet entrepreneurs wees tot eer van God, wat ook die aarde daardeur wil onderhou en ontwikkel en ook tot opbou van mekaar wil wees. In ons ondernemings mag ons nooit struikelblokke vir mekaar wees nie (byvoorbeeld dobbelspeletjies).

Ons leer ook oral in die Bybel van suksesvolle entrepreneurs wat ook deur die Here geseën is in hul ondernemings:

Dink maar aan Josef en al sy planne rondom die berging van graan vir die sewe maer jare. Die Here het aan hom insig gegee om aan hierdie besigheidsplan te dink. Die Here het die gelowige Josef ook geseën.

Waarskynlik was Job ook 'n suksesvolle entrepreneur. Wat belangrik is, is dat Job nie sy hoop gestel het op al sy aardse rykdomme nie, maar wel op die Here.

Ons sien verder dat die vrou van Spreuke 31 ook 'n gelowige entrepreneur was. Haar man kon diens doen in die poorte van die stad - haar ondernemings was deur die Here geseën. Hieruit kan ons dus sien dat die Here die gelowige entrepreneur ook sal seën.

## Offer dank aan God

Hoe nou gemaak met die entrepreneur se wins? Hierin moet ons ons kinders ook lei dat dit tot eer van die Here gebruik word. Dit is belangrik dat die kind leer dat verpligtinge nagekom moet word. As daar 'n lening aangegaan is of enige **koste** aan sy onderneming verbonde was, moet dit eers nagekom word. Dit wat oorbly, is wins.

Wat sê die Here, hoe moet ons dan hierdie wins aanwend? Ons lees in Maleagi 3:10: 'Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.'

Ons kinders moet dus gelei word om met hul wins 'n **dankbaarheidoffer** te bring wat ewigheidwaarde het. Ons moet mededeelsaam wees en ons gawes aanwend in diens van mekaar. Deur met jou wins goed te doen, lê jy 'n skat weg - 'n goeie fondament vir die toekoms. Hiermee word beslis nie gesê dat jy vir jou 'n plek in die hemel kan loskoop nie. Dit is 'n genadegawe wat Jesus Christus aan ons gegee het. Ons moet wel ons verantwoordelikheid ten opsigte van die geskenk nakom.

1 Timoteus 6:12 sê: 'Gryp na die ewige lewe.' In vers 19 staan daar: '... en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.'

Met die middels wat God op aarde vir ons gee, moet ons die toekomstige stad dien. Ons moet ons kinders leer om die koninkryk van God met alles wat ons is en het, te soek. Hoe doen ons dit prakties? Ons hou met ons bydraes (deel van ons wins) die eredienste in stand. Om skoolgeld te betaal, offer ons vir gereformeerde onderwys, waar ons verbondsjeug by kan baat vind.

Ons soek die uitbreiding van die Woordbediening op die sendingveld deur by te dra tot die Sendingfonds en Bybelverspreiding. Ons moet die Here voluit dien met alles wat Hy aan ons gegee het.

Die kinders moet ook gelei word in die besef dat 'n mens sekere verpligtinge het wat met jou wins nagekom moet word. Ons dink aan lewensmiddele wat aangekoop moet word. Vir die laerskoolkinders geld die verantwoordelikheid om self nuwe skoolbenodigdhede aan te koop. Vir 'n volwassene geld die daaglikse verpligtinge, byvoorbeeld huis, motor, kos, klere en ander behoeftes wat betaal moet word.

## Geniet in die diens aan God

Laastens moet 'n entrepreneur ook van sy wins kan geniet - dit gee die Here ook aan ons. In 1 Timoteus 6:17 beveel die Here ons om te geniet. Ons mag geniet, want ons weet van Wie dit kom, aan Wie dit behoort en deur Wie dit opgepas word. Die Here beveel dat ons moet geniet van alles wat Hy aan ons gee.

Waarom is dit so belangrik dat ons ook wins moet gebruik om te kan geniet? Die Here wil, deurdat ons hier op aarde al geniet van dit wat Hy aan ons gee, dat ons alreeds 'n idee kan kry van die genietinge wat in die ewige lewe op ons wag. Ons moet alles dankbaar uit die hand van die Here aanneem en dan ook geniet tot eer van die Here.

Leer dan ook aan die kinders dat hulle met 'n deel van hulle wins ook daardie verlangde rugbybal of lekker roomys kan koop.

Ons sien dus dat ons ons kinders moet lei om alles uit die hand van die Here te ontvang. Die gawe om geld te kan verdien kom van Hom af. Ons moet ons kinders lei om te besef dat ons as rentmeesters aangestel is oor die Here se geld en goed en dat ons hulle moet leer om met hul wins 'n dankbaarheidoffer te bring wat ewigheidwaarde het.

# DIE OUTONOMIE VAN DIE PASIËNT - BEGRENS OF ONBEGRENS?

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

**Moet die woord outonomie altyd 'n negatiewe betekenis hê? Wat is die reg van die pasiënt wat mediese behandeling ondergaan?**

Om outonoom te wees beteken dat die mens homself bestuur. Hy bepaal self die reëls. Outonoom staan teenoor heteronoom, wat beteken dat 'n mens hom onderwerp aan van buite opgelegde reëls. 'n Christen as ware gelowige sal teenoor die Here en sy Woord altyd heteronoom wees. Outonomie was juis die oorsprong van die sondeval in die paradys, waar die mens net soos God wou wees, self die reëls wou bepaal. Maar moet die woord outonomie altyd 'n negatiewe betekenis hê as dit byvoorbeeld verbind word met die pasiënt se reg om self te kan besluit of hy 'n bepaalde behandeling wil ondergaan of nie?

## Die reg se standpunt

Die outonomie van die pasiënt het sterk op die voorgrond getree met die gesaghebbende hofuitspraak **Castell van de Greef** (1994 4 SA 408), wat moontlik as die *locus classicus* gesien kan word wat betref die leerstuk van ingeligte toestemming. In hierdie hofuitspraak is daar weg beweeg van medies paternalisme na 'n meer pasiënt georiënteerde toets.

Hoewel dokters vanaf die twintiger jare van die vorige eeu al die plig gehad het om aan pasiënte te openbaar wat die siektetoestand is, of wat die bepaalde behandeling inhou, het die pasiënte nooit werklik daarop aangedring of het die dokters dit nooit as 'n noodsaak gesien by hulle praktyk-voering nie. *'Dokter sê dit is nodig en dokter sal weet.'*

Dat dit egter nie altyd so 'n goeie gang van sake is, kan uit die feite van die bogenoemde hofsaak duidelik word. In hierdie saak het dit gegaan oor slegte en skadelike gevolge van 'n operatiewe prosedure waarby die pasiënt voor die tyd nie stilgestaan het en wat die pasiënt voor die tyd ook nie kon besef nie. 'n Plastiese chirurg het op 'n pasiënt op haar versoek 'n operasie uitgevoer sonder om van te vore te verduidelik watter komplikasies by so 'n operasie kan intree en tot watter gevolge dit kan lei.

Die komplikasies *het* ingetree met erge nekrose van weefsel (weefseldood) en infeksie wat sleg ruikend was en 'n groot aantal opvolg-operasies waarvan die uiteindelike resultaat nie goed genoem kon word nie. Die pasiënt se beswaar was, dat, as sy dit alles geweet het, sy nooit die operasie laat doen het nie en dat, as sy oor alternatiewe prosedures ingelig was, sy moontlik anders sou besluit.

Sonder om op 'n groot aantal regsaspekte van hierdie saak in te gaan, kan wel gestel word dat die pasiënt inderdaad in die gelyk gestel moes word. Behalwe dat die behandelende dokter 'n kontraktuele plig het om die pasiënt in te lig, het hy ook 'n plig om materiële risiko's van bepaalde behandeling-metodes of operasies uit te wys.

## Die mediese standpunt

Hoewel die gemoedere in mediese kringe aanvanklik deur die uitspraak van die Hof in hierdie saak in beroering gebring was, het daar die laaste jare meer en meer die aanvaarding gekom dat pasiënte 'n ingeligte toestemming moet gee. Op mediese kongresse is hierdie onderwerp geleidelik meer en meer dringend aan die orde gestel.

Die besware wat in mediese en veral chirurgiese kringe geopper word, is ook nie almal ongegrond nie. Om 'n pasiënt presies in te lig hoe 'n operasie gedoen word en watter gevare daar almal bestaan, is medies gesien nie altyd nodig nie en dikwels onprakties, omdat die gemiddelde pasiënt onvoldoende mediese kennis het en omdat dit partykeer die teenoorgestelde uitwerking kan hê: Volledige inligting kan 'n pasiënt van 'n noodsaaklike ingreep afskrik. Die dokter weet tog die beste wat goed is vir die pasiënt. Om 'n pasiënt noukeurig in te lig hoe alles sal gaan en moontlik kan gaan, kan 'n teen-produktiewe uitwerking op die pasiënt/dokter-verhouding hê. En inderdaad kan 'n behandelende dokter verantwoordelik gehou word as die pasiënt sodanig afgeskrik word dat hy nie die nodige behandeling ondergaan nie.

'n Mate van paternalisme dus in die vorm van: Dis goed omdat ek so sê en dit moet maar gedoen word omdat ek dit sê. Mediese paternalisme van 'n dokter oor sy pasiënt is nie noodwendig verkeerd nie. Wel moet die medikus die verantwoordelikheid wat die pasiënt self vir sy eie liggaam het, in gedagte hou.

## Die christen-pasiënt se verantwoordelikheid

Hiermee kom ons tot die kern van die saak as dit gaan oor die outonomie van die pasiënt. Elke christen is as pasiënt heteronoom teenoor die Here en sy Woord, maar in sy heteronomiteit ook outonoom teenoor die wêreld as gevolg van sy rentmeesterskap ten opsigte van sy liggaam en sy gesondheid. Alhoewel dit in bepaalde gevalle aan dokters oorgelaat word, het die pasiënt die goddelike plig om sy liggaam (en daarmee ook sy gees as 'n fisies-psigiese integriteit) as 'n tempel van die Heilige Gees gesond te bewaar. Hierin verskil die mens ook van die dier, dat God self sy asem in die mens geblaas het en dat hy as God se beeld geskape is. Hoewel die mens se liggaam van stof gemaak is en dit na die sondeval ook weer tot stof sal terugkeer, is elke mens met sy eie liggaam uniek en volgens die raadsplan van God daargestel.

'n Christen-pasiënt mag vir bepaalde kwale van sy liggaam oplossings soek en moet in party gevalle selfs bepaalde metodes van behandeling afwys. Die wêreld se norme kom nie altyd met die Here se norme ooreen nie. Wat 'n dokter partykeer aanbeveel, is nie altyd hoe ons dit met die wil van die Here kan versoen nie.

Belangrike medies-etiese vraagstukke soos aborsie en eutanasie kan hier as praktiese voorbeelde dien. Die christen-pasiënt moet dan outonoom teenoor die dokter self sy ingeligte besluite kan neem of hy toestemming wil gee of nie. As 'n mens dit vanuit hierdie hoek benader, het 'n christen-pasiënt dikwels selfs die plig om die agtergrond van 'n bepaalde mediese behandeling uit te vra en het hy 'n plig om te besluit of die komplikasies en implikasies van bepaalde ingrepe teenoor die Here verantwoordbaar is.

Dit is egter wel so dat as 'n pasiënt weet dat sy dokter ook in die Here glo en sy hele vertroue op Hom stel, hy met groot en noodsaaklike operasies dit maar aan die Here moet oorlaat. Dit is een van die wonderlikste en hartroerendste gebeurtenisse

wat 'n christen-dokter te beurt mag val, as hy saam met die pasiënt die operasie en sy komplikasies bespreek en dat hulle saam mag konkludeer dat, in ag genome die nodige vaardigheid en sorg, die hele saak in die hand van die Here gelaat moet word en dat die pasiënt dan vir die dokter sê: 'Dok, ek sal vir die Here bid dat Hy jou hande in hierdie operasie mag lei en dat Hy hoe ook al die resultaat sal seën'.

## Die outonomie van die christen-pasiënt begrens

Waar die Reg die pasiënt se outonomie meer na vore gebring het en in 'n mate teenoor die mediese wêreld afdwingbaar gemaak het, maak dit die pasiënt as christen nooit outonoom teenoor die Here nie. In dié sin begrens die fundamentele heteronomie van 'n mens se bestaan sy outonomie binne die wêreld waarin die Here hom gestel het.

Wel verantwoordelik vir sy eie liggaam (en gees) en self daaroor besluite neem, maar nooit los van God en sy Woord nie. Wel regte afdwing wat 'n wêreldlike hof aan 'n mens gee, maar altyd verantwoordelik binne sy rentmeesterskap. *Ora et labora*, bid en werk. Beide is noodsaaklik vir die regte bediening van die amp van alle gelowiges.

---

MEDIESE ETIEK

# GENEESKUNDE EN DIE EERSTE GEBOD (2)

**Dr JM Boon**, Pretoria

**Ons het verlede keer begin om na te dink oor die belang van die eerste gebod in die geneeskunde. Die Here vra in die eerste gebod dat ons Hom alleen sal vereer, en die afgode sal vermy en ontvlug. Dit het groot implikasies in die gewone mediese praktyk. Ons het ook gesien dat daar wel van afgode in die geneeskunde gepraat kan word. Die gesondheid en welstand van die mens word dikwels vandag as die hoogste norm gestel. Dit neem dikwels die plek van die vertoue op die Here en die doen van sy wil in.**

Daar is egter ook ander gode wat in die plek van die diens aan die Here gestel word. Die geneeskunde vereer dikwels die gedagte dat die *natuurwetenskaplike metode* die enigste verklaring van die werklikheid is. Navorsingswerk word gedoen tot eer van die wetenskaplike model en teorie, sonder dat God daarin 'n plek ontvang, of die eer ontvang van sy skeppingswerk. Op so 'n wyse word God uit sy eie werklikheid uitgeredeneer. In hierdie artikel wil ons kyk na die implikasies hiervan in die mediese wetenskap.

## Waar kom die natuurwetenskaplike metode vandaan?

Onder die invloed van die Verligting het die natuurwetenskaplike denke 'n groot stempel op die mediese wetenskap geplaas. Descartes het gesê: *'Cogito ergo sum'*, of 'ek dink, daarom is ek'. Hierdie stelling het verreikende impak op die verdere ontwikkeling van die geneeskunde gehad. Natuurwetenskaplike metodes wat die skepping op 'n pragtige manier begin ondersoek het sedert die Renaissance, het nie slegs gedien ter beskrywing en verklaring van die werklikheid nie, maar is steeds meer gesien as die enigste ware weergawe van die werklikheid. Slegs met jou rede kan jy die werklikheid deurgrond.

Verder is die wonders wat daar in die skepping ontdek is, losgemaak van die Skepper. Dit het só ver deurgewerk dat meeste wetenskaplikes vandag nie meer die skeppings- en onderhoudingswerk van die Here in hulle resultate eerbiedig nie. Nog minder word daar nagedink oor die feit dat ons wetenskaplike hipotese-vorming en God se wet vir die hele skepping, met mekaar verband hou nie.

Hierdie metode ontleed die werklikheid tot haar kleinste boustene en bou dit dan weer op met behulp van die logika, wiskunde en meganika. Die werklikheid word nie meer beskou as hoe die mense dit ervaar nie, maar wat die wetenskap daarvan sê. Via Vesalius (die man wat die eerste keer die menslike anatomie sistematies ondersoek en geboekstaaf het), Harvey (wat die bloedsomloop beskryf het) en andere, het die studie van die menslike liggaam geweldige voortgang gemaak. Alhoewel Vesalius die resultate van sy ondersoekwerk tydens die disseksies van menslike liggame duidelik verbind het aan die Skepper van die menslike liggaam, is hierdie band tussen die Outeur van die liggaam en die wonderlike detail daarvan, oor die afgelope paar honderd jare stelselmatig deurgesny.

## 'n Meganistiese wêreldbeeld

Mede as gevolg van die natuurwetenskaplike metode het 'n meganistiese wêreldbeeld die afgelope eeue in die geneeskunde begin heers. Die mens is 'n baie ingewikkelde masjien. Siekte is 'n meganiese defek van hierdie masjinerie, wat met tegniese ingrepe herstel kan word.

Hierdie beeld het groot vooruitgang in die behandeling van verskeie siektes meegebring, omdat dit as basis die werking van die menslike liggaam het, soos God dit tot in die molekulêre detail gemaak het.

Die invloed van hierdie gedagte het egter ook die wêreldbeeld en lewensgevoel van die westerse mens baie sterk beinvloed. Dit is jammer dat God dikwels nie in hierdie wêreld van wetenskaplike teorieë en modelle'n plek kry nie, nòg in die alledaagse mediese praktyk. Dit het tot gevolg dat die moderne arts die pasiënt as 'n komplekse sisteem van geneties-neurologies-hormonale inligting beskou.

Daarmee saam het geneeskunde steeds meer die karakter van 'n tegniese wetenskap gekry. Vernuwing in die tegniek beteken dikwels die vooruitgang van die geneeskunde. Ons sien dit in die literatuur as daar oor kloning gepraat word. Ons kan die menslike liggaam opbou uit al sy deeltjies. Miskien kan daar in die toekoms sulke deeltjies uit embrionale stamselle gekloon word. Soms kan dit egter nog nie gedoen word nie, weens gebrekkige tegniese gereedskap. Nog 'n voorbeeld is 'n terminale siek pasiënt wat 'n einde aan sy lewe maak deur 'n tegniese hulpmiddel, naamlik 'n inspuiting met 'n chemiese stof, te gebruik.

Wetenskaplike modelle en die strewe om die gesondheidsorg met tegniese middele te beheer, bepaal in ons tyd die wêreldbeeld van die moderne geneeskunde. Mens sou kon sê dat die

geneeskunde in ons tyd 'n sekulêr-godsdienstige funksie begin vervul. Dit toon opmerklike ooreenkomste met die grieks-helleense kultuur waar gesondheid en heil in religieuse sin één was. Dit was die taak van die arts om probleme met hierdie lewensideaal so veel as moontlik op te los.

Ons sien dit duidelik tot uitdrukking kom in die omgang van die moderne geneeskunde met die begin en einde van lewe. Die pragtige navorsingswerk wat gedoen is oor die begin van lewe met al die faktore daarby betrokke, word nie gekoppel aan wat die Outeur van hierdie 'prosesse' in sy Woord daarvan sê nie. Die Here word in die moderne wetenskap dikwels uit sy eie werklikheid uitgeredeneer.

## Die natuurwetenskaplike metode as roeping van die Here

Die Here het aan ons die opdrag gegee om met die gawes wat Hy ons gegee het, en dus ook ons verstand, die goddelike orde in die skepping te ondersoek en na te vors. Die reultate hiervan kan dan gebruik word in die behandeling van siekes, sodat hulle weer gesond hul God kan dien. In hierdie wetenskapbeoefening word die eer altyd aan die Outeur van die skepping gegee, en word daar rekening gehou met die wette van hierdie Outeur vir sy skepping.

So kan die resultate van hierdie wetenskapbeoefening met vrug aangewend word tot voordeel van pasiënte sodat hulle weer hul roeping kan uitvoer. Dit geld ook ten opsigte van ongelowige pasiënte. Die Here roep ons om die menslike liggaam na te vors tot in die fynste detail en samehang soos Hy dit gemaak het.

Elke mediese student maak met die prekliniese vakke soos anatomie, fisiologie, immunologie, mikrobiologie ensovoorts kennis. Hierdie vakke rus op hul beurt weer op vakke soos chemie, fisika en molekulêre biologie. Die ondersoekresultate van hierdie vakke berus op die toepassing van die natuurwetenskaplike metode. Hierdie metode is gewoonlik eksperimenteel van aard en behels die stel van 'n probleem en hipotese, die toets daarvan met materiale en metodes, die verkry van resultate en die beredenering van 'n gevolgtrekking.

By die toepassing van hierdie metode word allerlei faktore uit die werklikheid op kunsmatige manier konstant gehou of uitgeskakel. Sodoende kan die verhouding tussen een faktor en 'n ander faktor bepaal word. Daar word dus dikwels afstand geneem van die konkrete en komplekse verbande waarin die faktor hom in die werklikheid bevind. Die resultate van hierdie ondersoek is dus altyd 'n reduksie van die werklikheid.

Ons kan sê dat die verbande en samehange in die menslike liggaam so geweldig mooi geskape is, dat ons wetenskaplike metode in die verstaan hiervan slegs 'n begin maak. Om die volle prentjie soos God dit gemaak het te sien, is hierdie metode beperk. Die navorsing wat gedoen word om die genoom van die mens te bepaal is daarvan 'n goeie voorbeeld. Die fyn detail van die menslike genoom wat ons nou begin verstaan, raak nog nie aan die samehang daarvan met die hele molekulêre biologiese omgewing binne die menslike sel nie.

Die voordele van die natuurwetenskaplike metode in die geneeskunde is groot. Sodoende kon daar terapeuties ingegryp word op probleme en siektes wat deur noukeurige navorsing van die basiese wetenskappe vasgestel is. Baie oorsake van baie siektes kon bepaal word. Nougesette navorsing oor die skepping van die Here het resultate opgelewer wat in verskeie siektes groot verligting en genesing gebring het. Ons kan die Here dank vir hierdie gawes.

Die probleem is egter dat hierdie metode verabsoluteer word tot die enigste bron van kennis aangaande die werklikheid. In hierdie wêreldbeeld is daar nie meer plek vir moraal en lewensbeskouing nie. Trouens dit vorm obstruksies in die uitvoering van die wetenskaplike metode. As die kloning van stamselle wat van menslike embrio's verkry kan word, kan lei tot die groei van menslike organe wat vir oorplantingdoeleindes gebruik kan word, dan moet die wêreldbeskoulike denke oor die menslike embrio nie daarin 'n speek in die wiel wees nie. God se wet word dan geskei van sy skepping.

Daar is niks verkeerd om die skepping en die fynste detail daarvan te bestudeer en te ontrafel nie. Dit is trouens ons opdrag. Maar dan moet ons die skepping wel deur die bril van die Skrif bestudeer en werklik ook al die data oor die werklikheid gebruik in ons wetenskapbeoefening. Dit beteken ook die wette van die Here wat aan ons die grense van ons handelwyse binne die skepping gee.

Hy wat dit ignoreer, bedryf wetenskap in ongeloof. Hy stel in die plek van die Here en sy wil, sy eie rede en metode om na die skepping te kyk. Sodoende ignoreer hy die Outeur van die werklikheid wat hy bestudeer en bring in die plek daarvan sy eie rede. Dit is afgodediens: om in die plek van die Here iets anders te hê of te versin waarop die mens sy vertroue stel. Die wetenskaplike wat God en sy gebod reeds by sy probleemstelling of hipotese buite rekening laat, moet nie verwag om God terug te vind in sy resultate nie.

Hoe ryk is die navorsingswerk van die wetenskaplike nie, wat sy ondersoekresultate kan verbind aan die Outeur van die hemel en die aarde en ook die wyse implikasies van sy lewenswette daarmee insien!

---

**KOMMENTAAR VAN LESERS**

# VAN KOERS VERANDER?

**A Jansen van Pretoria skryf:**

Daar is 'n generasie wat antwoorde soek op die problematiek van skeppingsverwoesting, variërend van olie besmette pikkewyne tot ontbossing van Madagaskar. Antwoorde soek hoe om die uitwissing van sekere mense, diere en plante te voorkom. Daar is 'n generasie wat *duidelike en reguit antwoorde soek, nie vae, grys antwoorde, soos wat deesdae te veel gegee word nie.* 'n Generasie wat riglyne soek hoe om die lewe te beskerm - die primêre opdrag van God aan die mensdom.

Verander asseblief die koers van u tydskrif en rig u op die werklikheid en die realiteit. God se skepping waaroor ons moet regeer, ontvang nie die nodige aandag nie. Ons is besig met die diepte van die doopvont, die grootte van die wynbeker, die lengte van die tafel, en tientalle ander sake soortgelyk waarmee die rabbies in Jerusalem besig is.

## Naskrif van die redaksie:

Die probleme wat broeder Jansen raaksien, het 'n oorsprong: die gesekulariseerde westerse samelewing. Verwêreldliking, ego-sentrisme, uitbuit van die Here se skepping en al die ander wêreldwye probleme ontstaan in vervalle kerke. Hulle laat afwyking van God se heilsame Woord voortwoeker en sien die opdragte in die koninkryk van God nie meer raak nie.

Die redaksie spreek daardie oorsprong van al ons probleme aan. Ons eerste prioriteit is ons worsteling vir kerkreformasie, binding van alle lidmate aan die Woord van die Here. Die volke moet na Hom terugkeer. 'Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie' (Jesaja 8:20). Ons blad sal DV die volgende jaar aan hierdie opdrag intens aandag gee.

Die tweede prioriteit (wat nou met die eerste saamhang) is ons rugsteun vir die amp van gelowige. Hoe lyk die lewe ooreenkomstig Gods Woord? Dié vraag kom onder meer in die rubrieke 'mediese etiek', 'regte', 'onderwys' en 'op die kerkerf' aan die orde.

Ons kragte is min. Daarom die dringende oproep aan broeder Jansen en ander broeders en susters: Werk mee in ons vakgroepe om reguit antwoorde te gee, tot opbou van die lewe in die Here se kerk en koninkryk. Mag ons saam in die regte koers bly.

# ONS BYEENKOMS OP 7 OKTOBER

Die lesers is op bladsy 1 van hierdie uitgawe reeds na die byeenkoms op 7 Oktober genooi. Tussen 8:30 en 9:00 sal daar geleentheid wees om onder die genot van tee of koffie met mekaar te gesels. Om 9:00 word die samekoms geopen. Dit is die bedoeling om die byeenkoms om 13:00 af te sluit.

Hieronder volg die agenda en 'n konsep van die statute wat die bestuur ter goedkeuring aan die lede voorlê. Die lede sal ook oor die naam van die vereniging besluit.

## Agenda van die Vereniging se Algemene Ledevergadering

1. Opening met Skriflesing en gebed deur die voorsitter, dr AH van den Bout.
2. Verwelkoming deur die voorsitter.
3. Ondertekening van presensielys.
4. Lees (ds GJ Meijer) en vasstel van notule van vorige byeenkoms.
5. Kort toespraak deur die voorsitter.
6. Toespraak deur die gasspreker, prof. GJC Jordaan.
7. Bespreking van en vrae oor die toespraak van die gasspreker.
8. Pouse.
9. Bespreking van algemene sake - vasstelling van Vereniging se statute.
10. Terugvoering van vakgroepe (omtrent 5 minute per groep)
    - 10.1 Medies: dr JM Boon,
    - 10.2 Regte: dr AH van den Bout,
    - 10.3 Onderwys: P le R Bisschoff,
    - 10.4 Staatkunde: ds ALA Buys,
    - 10.5 Kommunikasie: F Buys,
    - 10.6 Landbou: T Vahrmeijer en
    - 10.7 Telogie: ds GJ Meijer.
11. Opsomming van die oggend se gebeure.
12. Afsluiting met gebed.

# Statute van die Vereniging (naam word deur vergadering vasgestel): konsep van die bestuur

1. **Naam**

   Die naam van die Vereniging is ... (hierna Vereniging).

2. **Grondslag**

   Die Vereniging se grondslag is die Heilige Skrif wat Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna GKSA) in die drie formuliere van eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) bely.

3. **Doel**

   Die Vereniging se doel is om God se koninkryk in die hele lewe te bevorder deur die daarstelling en funksionering van vakgroepe wat elkeen die aktuele betekenis van Gods Woord formuleer en bekendstel.

4. **Organisasie**

   4.1 Die Vereniging is die oorkoepelende organisasie waarby al die vakgroepe inskakel. Lede van die vakgroepe is volle of geassosieerde lede van die Vereniging.

   4.2 Lidmaatskap van die Vereniging is beperk tot inwoners van die Suider-Afrikaanse lande. Die Vereniging kan in enige streek of provinsie van hierdie lande takke stig waarby die vakgroepe in die betrokke streek of provinsie inskakel.

4.3 Alle werksaamhede van die Vereniging en die vakgroepe word deur die bestuur van die Vereniging gekoördineer.

5. **Lidmaatskap**

5.1 Belydende lidmate in volle regte van kerke in die verband van die GKSA kwalifiseer as volle lede van die Vereniging.

5.2 Lidmate van kerke buite die verband van die GKSA, wat die grondslag van die Vereniging onderskryf, kwalifiseer as geassosieerde lede van die Vereniging.

6. **Stemreg**

Die volle en geassosieerde lede van die Vereniging het stemreg by die verkiesing van die bestuur. Slegs volle lede kan op die bestuur dien.

7. **Bestuur**

7.1 Die bestuur bestaan uit ses lede: die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier en twee ander lede. Een van die redakteurs van die Vereniging se tydskrif moet lid van die bestuur wees. Adviserende lede van die bestuur verteenwoordig die drukker en verspreider van die Vereniging se tydskrif, die administrasie van die tydskrif en die vakgroepe (by voorkeur die sameroepers daarvan).

7.2 Die bestuur word jaarliks tydens die algemene ledevergadering verkies. Die voorsitter word afsonderlik verkies. Die ander portefeuljes word deur die bestuur aangewys. 'n Kworum van dertig persent van die volle en geassosieerde lede is nodig vir 'n wettige stemming. Afwesiges kan hulle stemme op getekende stembriewe uitbring. Indien 'n kworum (met insluiting van stemme op getekende briewe) nie teenwoordig is nie, kan daar binne veertien dae 'n volgende vergadering gehou word, waar die meerderheid van stemme beslissend sal wees.

7.3 Bestuurslede wat hulle beskikbaar bly stel, kan jaarliks herkies word.

7.4 Take van die bestuur:

- Toesig hou oor en stimuleer vakgroepe;
- koördineer vakgroepe se werksaamhede;
- stimuleer stigting van nuwe vakgroepe;
- toesig hou oor die inhoud van die Vereniging se tydskrif, en
- beheer die Vereniging se finansies.

8. **Vakgroepe**

8.1 Elke vakgroep kom minstens twee maal per jaar onder leiding van sy sameroeper byeen.

8.2 Die vakgroepe bestudeer die wet van God (die tien gebooie, asook die omvang daarvan in die Skrif en in die drie formuliere van eenheid) met die oog op bevordering van die diens in die kerk en in die koninkryk van God.

8.3 Die vakgroepe stel hulle studieresultate minstens een maal per jaar in algemeen begrypbare taal in die tydskrif van die Vereniging bekend.

8.4 Die vakgroepe rapporteer hulle werksaamhede aan die algemene ledevergadering.

9. **Algemene ledevergadering**

9.1 'n Algemene ledevergadering word ten minste jaarliks gehou. Die bestuur kondig die datum minstens een en twintig dae voor die vergadering in die Vereniging se tydskrif aan.

9.2 In die jaarvergadering kom volle en geassosieerde lede onder leiding van die voorsitter van die Vereniging byeen om

- die bestuur van die Vereniging te kies,
- stimulerende voordragte te hou en beluister,
- sake van algemene belang te bespreek, en
- oor werksaamhede van elke vakgroep te rapporteer.

10. **Tydskrif**

10.1 Die Vereniging se tydskrif is sy mondstuk.

10.2 Die bestuur stel die lede van die redaksie aan.

10.3 Die redaksie is ondergeskik aan die bestuur en moet op versoek van die bestuur oor die inhoud van die tydskrif verantwoording doen.

10.4 Indien die bestuur en die redaksie van oordeel verskil, besluit die bestuur.

11. **Finansies**

11.1 Ledegelde van volle en geassosieerde lede word uit hulle intekening op die tydskrif van die Vereniging vergoed.

11.2 Die bestuur, redaksie van die tydskrif en enige persoon verder betrokke, onderneem om die werksaamhede *pro Deo* te verrig.

12. **Skakeling**

Die Vereniging sal - indien die geleentheid hom voordoen - nasionaal en internasionaal skakel met soortgelyke verenigings wat op dieselfde grondslag werksaam is met die doel om Skrifgetroue studie en daaruit voortvloeiende werksaamhede van enige vakgroep van die Vereniging te bevorder.

13. **Wysiging van statute**

13.1 Die statute kan in 'n algemene ledevergadering met ten minste twee derde meerderheid van stemme gewysig word.

13.2 Die grondslag in artikel twee van die statute is onveranderlik.

*Psalm 19:8-10*

**'Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.**

**Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.**

**Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid - tesame is hulle regverdig.'**